# Completed research / Voltooide navorsing

## Hambidge, Joan. 1984. *Die metaroman – 'n dekonstruksie-ondersoek.* Ph.D. Universiteit Rhodes.

Die studie ondersoek die metaroman in Afrikaans deur van dekonstruksie-kritiek as 'n model of metode gebruik te maak. Aangesien dit die eerste volledige ondersoek na dekonstruksie binne die Afrikaanse letterkunde is, het die skryfster dit nodig gevind om van die belangrikste beginsels of prinsipes van dekonstruksie (sowel Franse as Amerikaanse) *teenoor* dié van die 'strukturalisme' (soos hier te lande toegepas) te stel.

Dié proefskrif is enersyds 'n bekendstelling van die vernaamste dekonstruktiewe prinsipes; andersyds is dit ook 'n illustrasie of toepassing daarvan, soos die leser kan aflei uit die afdeling 'Vooraf: Waarom dekonstruksie' ('In die begin was die woord (logos) . . . en elke literêre kritikus sal en moet altyd weer terugkeer na die *woord,* na die *teks.* Maar beide begrippe is reeds geproblematiseer deur veral Jacques Derrida. "The sign is that ill-named thing" en "There is nothing outside the text" (Il n'y a pas de hors-texte – *Of Grammatology,* 1976: 19 en 158). Daarom is tekste en woorde in hierdie studie net afsprake, kodes.' In die slothoofstuk ('De(kon)struksie') skryf die skryfster: 'Ek kan aan geen begrip dink wat méér ondekonstruktief is as die konsep *samevatting* nie. 'n Begin/middel/einde word gewoonlik/altyd verwag van die wetenskaplike ondersoeker. Ek kan hoogstens tot dusver, tot hier, *voorlopig* 'n paar opmerkings neerskryf' (209).

*Die metaroman – 'n dekonstruksie-ondersoek* illustreer dus dat die dekonstruksie-kritikus nie die laaste sê het oor die teks nie, dat dié menings uitgespreek gelees moet word *teen* die tradisionele Afrikaanse literêre tradisie én dat juis om hierdie rede polemiserend in aanbod is.

In die eerste hoofstuk ('Die metaroman') word die sogenaamde self-kommentariërende roman binne die wêreldliteratuur gesitueer. Die metaroman word soos volg gedefinieer: 'Die ek-verteller is die skepper van 'n fiksionele wêreld. Hy beleef én vertel die gebeure – en die gegewe word dikwels vanuit 'n agterna-perspektief aangebied. Passasies wat die leser asof *nou* (in die hede) ervaar, is reeds vooraf deur die skrywende ek-verteller geredigeer. Volgens teoretici soos Gérard Genette in sy *Narrative Discourse* kan die hede en verlede simultaan bestaan . . .' (13).

Die verskillende vorme van die belydenisroman (ek-verteller; dagboek-, briefroman én metateks) word ook bespreek in dié afdeling. Ook word die geskiedenis en ontwikkeling van die metateks behandel: 'Die metaroman ondermyn 'n *eenheidsopvatting* van die teks en bevraagteken die hele Westerse leesbenadering waarteen onder meer Derrida inskryf. Die konvensionele lesersrol verander: die leser word aangespreek én betrek by die teks. In die agtiende eeu was dié strategie gebruik om 'n logosentriese *teenwoordigheid* van spreker/toehoorder te simuleer: *écriture* wat probeer paradeer as *parole.* In die twintigste-eeuse metaroman is dié verhouding anders. Die

onbestemde aard van die *écriture* word ontgin. Terwyl die agtiende-eeuse leser *verbruiker* was, *is* die twintigste-eeuse leser medeskepper, of katalisator, of medebepaler van die teks. Dié leser skryf mee . . .' (29–30).

Hoofstuk twee ('Narratologiese perspektiewe op die metaroman') ondersoek die belangrikste teorieë oor die metaroman, met verwysing na Mieke Bal, Todorov, Genette, Ruthrof, Barthes, Eco, Rimmon-Kenan, *et al.*

In die derde hoofstuk (''n "Nuwe" leesstrategie') word daar aangetoon dat dekonstruksie-kritiek *nie* 'n nuwe rigting of metode is nie. Bekende en bruikbare konsepte binne die Westerse dinktradisie soos struktuur, teken, orde, teks, essensie, 'outonoom', e.d.m. word in hierdie afdeling omgedop ten einde te wys op die onvanselfsprekendheid daarvan. Daar word ook in hierdie hoofstuk aangetoon dat die aanname van Afrikaanse literatore om 'n rigting as 'teoreties' af te maak, op 'n denkfout berus. Selfs 'n 'natuurlike', 'intuïtiewe' metode is op 'n groot hoeveelheid aannames gebaseer – dit is dikwels net implisieter en moeiliker om aan te dui.

Die studie veronderstel 'n radikale breuk met Suid-Afrikaanse Strukturalisme. In die vierde hoofstuk ('Dekonstruksie versus Strukturalisme') word daar in gesprek getree met strukturalistiese denkers.

In die vyfde hoofstuk *('Om 'n mens na te boots')* word ander leesstrategieë geplaas teenoor dié van konvensionele lesers. 'n Barthesiaanse 'model' word gebruik én daar word verwys na Amerikaanse dekonstruksie-skrywers soos bv. J. Hillis Miller *(parasitering)*. Ook word die reaksie van die leser op hierdie teks ondersoek. In die sesde hoofstuk *('Die muur van die pes')* word 'n Derrideaanse leesstrategie gevolg. Ook word konvensionele uitsprake oor dié roman van Brink ondersoek ten einde 'n dekonstruksie daarteenoor te kan situeer.

*Die muur van die pes* word ondersoek aan die hand van die beginsels van *différance, aporia, supplement, teken,* e.d.m. Dekonstruksie is 'n aktiewe poging om die teks aan bod te problematiseer, eerder as om 'n finale, 'geordende' analise te maak.

Noodwendigerwys is hierdie studie net *'n beginpunt.*

# Editorial / Redaksioneel

Most of the papers included in this special edition on Deconstruction were read at a SAVAL conference on the topic which was held at Potchefstroom in March 1985. Wilhelm Liebenberg's paper was read at the AUETSA conference in Cape Town in July 1985. The Editorial Committee of *JLS* does not in any way want to imply that post-structuralist theories should be given preference in the current theoretical debate. There is, however, at present a great deal of interest in Deconstruction criticism both within South Africa and within certain overseas countries. More contributions of this nature have been received by *JLS* to be considered for publication.